

Teksgedeelte:

2 Korintiërs 10

Agtergrond:

In hierdie gedeelte verdedig Paulus homself by die Korintiërs, nadat die rondreisende predikers hom by die Korintiërs verdag gemaak het. Paulus se waardigheid word egter deur God gemeet en nie deur mense nie.

Al is Paulus die Korintiërs se geestelike vader aanvaar hulle nie sy gesag nie. Hy moet steeds tussen hierdie mense kan funksioneer, hy kan hulle nie net afskryf nie. Net so moet ons ook tussen ander mense kan leef – ons kan nie bloot op ons eie eilande wil funksioneer nie.

Al is die God se goedkeuring wat saak maak het ons steeds nodig om binne die groep te funksioneer.

Om hooghartig en vyandig te wees is nie Goddelike gedrag nie. Paulus wil eerder vriendelik en nederig teenoor die Korintiërs optree, maar hulle bied hom nie die keuse nie.

Vir die kinders kan die volgende voorbeelde gebruik word:

- Wat maak jy as jy in 'n registerklas geplaas is, maar jou vriende is nie saam met jou in die klas nie?
- Wat maak jy in ongemaklike situasies, waar die mense wat om jou is jou nie goedgesind is nie?

Die uitdaging kan aan die kinders gestel word om dit vir ander mense moontlik te maak om in nederigheid en vriendelikheid te funksioneer. Tog sien ons in die gedeelte raak dat Paulus se gemeenskap sy gedrag bepaal het.

Die vraag kan gevra word, wat die invloed is wat ons op die wêreld om ons het.

Die gedeelte leen hom daartoe om die fenomeen van boelies by die skole en by die huis aan te spreek.

So ook kan daar aan persone in magposisies gevra word, wat hulle doen wanneer hulle die reëls of die norm bepaal. Paulus wou nie toegee aan die Korintiërs se magspel nie, maar was later geforseer om dit te doen. Hy sit egter die magspel wat hulle speel se reëls uiteen en stel so hulle planne bloot. Hy speel volgens ander standaarde.

Om te oordink: Binne die fliëks wat ons vanuit die Amerikaanse kultuur kry is die “Goeies” en “Slegtes” moeilik onderskeibaar aangesien beide hulle aan onderduimshede skuldig maak. Die “goeies” is gewoonlik bloot die “goeies” omdat hulle deel vorm van die meer bekende populasie (neem District 9 as voorbeeld waar die Mense die goeies is op grond van die feit dat hulle mense is en nie aliëns nie!). Hoe

onderskei ons gedrag ons van ander? (Ons gaan moontlik hierdie gebruik vir die kategeseles oor 2 Kor. 11).

Aktiwiteit:

1. Laat die klas eers 'n ysbreker speel waar hulle in pare sal moet werk (die gedagte is om die kinders wat gemaklik is met mekaar by mekaar te laat opeindig). (5 min)
2. Na die ysbreker laat hulle in pare opdeel (groepies van 2 of 3).
3. Die groepies moet dan oor-en-weer vir mekaar vertel van 'n ervaring van konflik wat hulle beleef het (om meer kreatief te wees, knip 'n paar prente uit die koerant of tydskrif en laat die kinders prente kies wat hulle kan help om hulle stories te vertel). (5 min)
4. Wanneer hulle klaar die stories aan mekaar vertel het, gaan dan oor na reviewing vrae.
5. Hier volg 'n paar moontlike vrae: (15 – 20 min)

Reviewing:

Diamante:

- In watter situasies ervaar jy gewoonlik moeilikheid (konflik). (Vertelling van konflik verhaal)
- Wie is gewoonlik by om hierdie moeilikheid te sien.

Harte:

- Hoe voel jy gewoonlik as daar moeilikheid of bakleiery is?
- Hoe voel ander mense as daar moeilikheid of bakleiery is?
- Wie in hierdie groep voel oor bakleiery en moeilikheid soos jy daarvoor voel en hoekom?
- As jy aan 'n liedjie moet dink wat beskryf hoe jy voel in so situasie, wat sou dit wees? Of Watter instrumente sou die liedjie gebruik?

Skoppens:

- Hoe het Paulus in die gedeelte wat ons gelees het die Korintiërs hanteer en het dit 'n goeie uitwerking op hulle gehad?
- As jy Paulus was, sou jy die Korintiërs anders hanteer het, hoe?
- Watter ander Bybel verhale laat jou dink aan moeilikheid of bakleiery?

Klawers:

- Wat maak jy as jy in 'n registerklas geplaas is, maar jou vriende is nie saam met jou in die klas nie?
- Hoe sou jy 'n boelie by die skool hanteer?
- Hoe sal jy in die toekoms moeilikheid of bakleiery anders hanteer?
- Is konflik altyd verkeerd?